Stellenbosch Papers in Linguistics, Vol. 46, 2016, 1-24
doi: 10.5774/46-0-226

# Postulêre werkwoorde in Griekwa-Afrikaans – ’n ondersoek vanuit ’n grammatikaliseringsperspektief

Catharina Adriana Breed

Vakgroep: Afrikaans en Nederlands, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit, Suid-Afrika
E-pos: adri.breed@nwu.ac.za

Caro A van Aardt

Navorsingeenheid: Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit, Suid-Afrika
E-pos: caro@live.co.za

**Opsomming**
Die grammatikale funksie wat liggaamshoudingwerkwoorde – oftewel postulêre werkwoorde – spesifiek die kardinale werkwoorde *sit*, *staan*, *lê* en *loop* in geskrewe Standaardafrikaans verrig, is taamlik omvattend beskryf in bestaande Afrikaanse taalkundenavorsing. Die postulêre werkwoord word algemeen in Afrikaans – net soos in Nederlands – aangewend om progressiewe betekenis uit te druk. Die vraag kan egter gevra word of dit op dieselfde wyse gebruik word in ander gebruikskontekste of variëteite van Afrikaans. In hierdie verband kan daar reeds op twee opvallende verskille gewys word in die wyse waarop Griekwa-Afrikaans, ŉ streekvariëteit van Afrikaans, en Standaardafrikaans postulêre werkwoorde grammatikaal aanwend. Eerstens kan die bindingspartikel *en* uit die Griekwa-Afrikaanse $V_{POS}$ *en* $V_{INF}$-konstruksie weggelaat word, terwyl dit in Standaardafrikaans nie die geval is nie. Tweedens verskil die frekwensies van die postulêre werkwoorde in Standaardafrikaans en Griekwa-Afrikaans. Van die vier postulêre werkwoorde kom *loop* verreweg die meeste voor in Griekwa-Afrikaans, terwyl *sit* die mees frekwente grammatikale postulêre werkwoord in Standaardafrikaans is. Vanuit ŉ grammatikaliseringsperspektief kan sowel die vormlike as die frekwensieverskil tussen die Standaardafrikaanse en Griekwa-Afrikaanse konstruksies ŉ aanduiding wees dat die werkwoorde nie tot dieselfde mate gegrammatikaliseer het in die twee variëteite nie. In hierdie artikel word daar verder vanuit ŉ grammatikaliseringsperspektief ondersoek ingestel na die moontlike verskillende grammatikale gebruike of aanwending van postulêre werkwoorde in gesproke Griekwa-Afrikaans en geskrewe Standaardafrikaans. Daar word geargumenteer dat die bestaande beskrywing van die Standaardafrikaanse grammatikale postulêre konstruksie nie voldoende is om ook te geld as ŉ beskrywing van die konstruksie in niestandaardvariëteite van Afrikaans nie.

**Sleutelwoorde:** postulêre werkwoorde, Griekwa-Afrikaans, Standaardafrikaans, grammatikalisering

**Abstract**
The grammatical functions that postural verbs (specifically the verbs *sit*, *stand*, *lie* and *walk*) perform in written Standard Afrikaans, is described quite extensively in existing Afrikaans linguistics research. The postural verb is commonly used in Afrikaans – similar to Dutch – to express progressive meaning. However, the question may, be asked whether it is used *in the same way* in non-standard language contexts or regional varieties of Afrikaans. There are, after all, already two notable differences in the way that Griekwa Afrikaans, a regional variety of Afrikaans, and Standard Afrikaans uses postural verbs grammatically. Firstly, the *en* conjunction in Griekwa Afrikaans $V_{POS}$ *en* construction may be omitted, while this is not the case in Standard Afrikaans. Secondly, there is a difference in frequencies between the postural verbs in Standard Afrikaans and Griekwa Afrikaans. Of the four posture verbs, *loop* ("walk") is by far the most common in Griekwa Afrikaans, while *sit* ("sit") is the most frequent grammatical postural verb in Standard Afrikaans. From a grammaticalisation perspective, both the formalistic and the frequency differences between the Standard Afrikaans and Griekwa Afrikaans constructions can be an indication that the verbs are not grammaticalised to the same extent in these two varieties. In this article, we aim to investigate the possible differences in grammatical use or application of postural verbs in spoken Griekwa Afrikaans and written Standard Afrikaans to illustrate – from a grammaticalisation perspective – that the existing description of the Standard Afrikaans grammatical postural construction is not adequate to also serve as a description of the construction in non-standardised varieties of Afrikaans.

**Keywords:** postural verbs, Griekwa Afrikaans, Standard Afrikaans, grammaticalisation

## 1. Inleiding

Die grammatikale funksie wat liggaamshoudingwerkwoorde – oftewel die kardinale postulêre werkwoorde – soos *sit*, *staan* en *lê* in veral Germaanse tale verrig, geniet toenemend aandag in die literatuur (vergelyk onder meer Ebert 2000: 605–653; Kuteva 1999: 191). Ook oor die grammatikalisering[1] van Afrikaanse postulêre werkwoorde het enkele publikasies onlangs verskyn (vergelyk Breed 2012, om te verskyn1,2; Breed en Brisard 2015; Breed, Brisard en Verhoeven ). Postulêre werkwoorde word algemeen in Standaardafrikaans (StA) – net soos in Nederlands, vergelyk Lemmens 2003, 2005 – aangewend om progressiewe betekenis uit te druk, soos in voorbeeldsinne 1 tot 3.

1 *StA* *Sy* ***staan en bewe****, haar hare staan wild en haar een skouer trek-trek*[2].
2 *StA* *Die musiek wat ek oor die volgende 70 minute* ***sit en beluister****, laat my sprakeloos.*
3 *StA* *En Freek het hom* ***lê en doodbloei*** *op die donkiekar.*

[1] Grammatikalisering is ŉ taalveranderingsproses waar ŉ leksikale konstruksie (met ander woorde, ŉ konstruksie waar ŉ woord in sy oorspronklike of letterlike betekenis as ŉ inhoudswoord gebruik word) oor tyd stelselmatig verander in ŉ grammatikale konstruksie (waar die woord as ŉ funksiewoord gebruik word). Die relevante aspekte van grammatikalisering word kortliks in Afdeling 3 van die artikel bespreek.
[2] Alle Standaardafrikaanse voorbeeldsinne is, tensy anders vermeld, geneem uit die Taalkommissiekorpus 1.1 (TK-korpus 2011) en alle Griekwa-Afrikaanse voorbeeldsinne is geneem uit die Griekwa-verslae of die saamgestelde konkordansie, tensy anders vermeld. Die TK-korpus bestaan uit ongeveer 60 miljoen woorde en is saamgestel in opdrag van die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die doel van die korpus is om ŉ gestratifiseerde voorbeeld van geskrewe Standaardafrikaans te wees, en is saamgestel uit ŉ verskeidenheid van tekste, te wete nie-akademiese tekste soos koerante, tydskrifte en boeke (ongeveer 27 miljoen woorde), akademiese tekste (ongeveer 24 miljoen woorde) en prosatekste (ongeveer 6 miljoen woorde). Die Griekwa-Afrikaanse konkordansie word in Afdeling 4.1 verder bespreek.

Die genoemde publikasies oor Afrikaanse postulêre werkwoorde beskryf uitsluitlik hoe hierdie werkwoorde in *geskrewe Standaardafrikaans* gebruik word as grammatikale konstruksies, en die vraag kan gevra word of dit op dieselfde wyse gebruik word in ander gebruikskontekste of variëteite van Afrikaans. Is die beskrywing van die wyse waarop postulêre werkwoorde in geskrewe Standaardafrikaans as grammatikale konstruksies gebruik word byvoorbeeld ook geldig vir die wyse waarop dit in *gesproke* Standaardafrikaans gebruik word, en weerspieël dit ook die wyse waarop die konstruksie in Afrikaanse streekvariëteite gebruik word?

Vanuit beskikbare inligting oor Griekwa-Afrikaans (GrA) – onder meer De Wet (1984), Du Plessis (1990), Van Rensburg (1984) en Van Rensburg, De Wet en Swanepoel (1984) – is dit duidelik dat daar ten minste twee opvallende verskille bestaan in die wyse waarop postulêre werkwoorde in Standaardafrikaans en in hierdie streekvariëteit gebruik word.

Eerstens, soos aangedui deur Kempen (1965: 89), kan die bindingspartikel *en* uit die Griekwa-Afrikaanse $V_{POS}$ en $V_{INF}$-konstruksie weggelaat word, terwyl dit volgens Breed en Brisard (2015: 6) in Standaardafrikaans nie die geval is nie; vergelyk voorbeeldsinne 4 en 5:

4 *GrA* *Nou kan hulle raaisels* ***sit gesels****.*
5 *StA* *Hulle* ***sit en gesels*** *en dit lyk nie asof hulle iemand anders verwag nie.*

Tweedens verskil die frekwensies van die postulêre werkwoorde in Standaardafrikaans en Griekwa-Afrikaans. Van die vier postulêre werkwoorde (te wete *sit*, *staan*, *lê* en *loop*) kom *loop* volgens Du Plessis (1990: 70) “verreweg die meeste voor” in Griekwa-Afrikaans, terwyl Breed et al. () en Breed (2012: 122) aantoon dat *sit* die mees frekwente grammatikale postulêre werkwoord in Standaardafrikaans is.

Vanuit ŉ grammatikaliseringsperspektief kan sowel die vormlike as die frekwensieverskil tussen die Standaardafrikaanse en Griekwa-Afrikaanse konstruksies ŉ aanduiding wees dat die werkwoorde nie tot dieselfde mate gegrammatikaliseer het in die twee variëteite nie. Hoewel daar etlike bronne is wat wel die postulêre werkwoord in Griekwa-Afrikaans bespreek (vergelyk o.m. Du Plessis 1990, Kempen 1965, Van Rensburg et al. 1984), is die ontwikkeling en gebruik van die konstruksie nog nie vanuit ŉ grammatikaliseringsperspektief ondersoek nie. Soos aangetoon sal word, bied die grammatikaliseringsteorie (vergelyk byvoorbeeld Bybee, Perkins en Pagliuca 1994; Hopper en Traugott 2003; Lehmann 2002; Traugott en Heine 1991) ŉ nuttige beskrywingsraamwerk om veral die gebruiksverskille tussen verskillende taalvariëteite te verklaar. In hierdie artikel word derhalwe ondersoek ingestel na die wyse waarop postulêre werkwoorde in ŉ gesproke streekvariëteit (naamlik Griekwa-Afrikaans) gebruik word as grammatikale konstruksie, om sodoende te bepaal tot watter mate die beskikbare beskrywing van postulêre werkwoorde in Standaardafrikaans ook geld vir die postulêre werkwoorde in niestandaardvariëteite.

Die artikel bestaan uit drie gedeeltes. In die eerste gedeelte word Griekwa-Afrikaans kortliks voorgestel as streekvariëteit van Afrikaans. In die volgende gedeelte word die tipologiese ontwikkeling van die postulêre progressief aan die hand van die grammatikaliseringsteorie verduidelik, met spesifieke toespitsing op die ontwikkeling van die postulêre konstruksie in Afrikaans. Die derde gedeelte doen verslag oor ŉ korpusondersoek van die Griekwa-Afrikaanse postulêre konstruksie. Die metode van ondersoek, sowel as die resultate van die ondersoek sal in hierdie derde afdeling aangebied word.

## 2. Griekwa-Afrikaans as streekvariëteit van Afrikaans

Die oorsprong van Griekwa-Afrikaans kan teruggevoer word tot vóór die koms van Jan van Riebeeck in 1652. Volgens Van Rensburg (2012: 17) het die eerste Nederlandse skepe reeds teen die einde van 1500 die Kaapse kus bereik en het dit spoedig nodig geword vir die plaaslike Khoi en die Europese seevaarders om met mekaar te kommunikeer. Die eerste fase in die ontwikkeling van Griekwa-Afrikaans begin dus op hierdie vroeë stadium van kontak tussen die Khoi en die Nederlanders, vanaf ongeveer 1595. Raidt (1976: 97) verduidelik dat, nadat Van Riebeeck begin het met die oprigting van die verversingspos, daar ook onmiddellike kontak was met die Khoi, aangesien die Nederlanders tot ŉ groot mate afhanklik was van die inheemse volk se vee.

In hierdie bogenoemde tydperk waartydens Nederlandse skepe meer gereeld by die Kaap langs gekom het, het die Nederlanders nie net Khoi woorde aangeleer nie, maar het die Khoi ook Nederlandse woorde begin leer om makliker te kommunikeer en onderhandel (Van Rensburg 2012: 17). Saam met die invoer van meer slawe, wat vanaf 1658 begin plaasvind het, is ander tale ook aan die Kaap gehoor, soos Maleis en Portugees, wat die bekende handelstale van die Ooste was (Van Rensburg 2012: 21).

Tussen 1688 en 1689 was daar ŉ groei in die kolonistebevolking toe ŉ groep Franse Hugenote na die Kaap migreer het (Raidt 1976: 84). Nederlands is as onderrigtaal gebruik, en teen 1725 was Frans as taal nie meer lewensvatbaar in die Kaap nie (Raidt 1976: 85). Volgens Van Rensburg (2012: 18) het die aanleerderstaal wat die Khoi moes bemeester om met die koloniste te kommunikeer, mettertyd ŉ onderhandelaarstaal geword en het die Khoi wat in Nederlandse huise gewerk het, Nederlands verstaanbaar begin praat. Deur die nuwe kennis onder mekaar te deel, het die Khoi ook Nederlands by mekaar geleer en dit het stelselmatig ook ŉ moedertaal van die Khoi geword. Deur die loop van die 17de en vroeë 18de eeu het die invoer van baie slawe, hoofsaaklik uit die Ooste (Raidt 1976: 97), ŉ groot verandering in die taallandskap veroorsaak (Van Rensburg 2012: 25). Buiten vir Maleis en Portugees, kon onder andere Duits, verskeie Afrikatale, Malgassies, Javanees, en ook Indiese tale op verskillende stadia gehoor word. In die 18de eeu het die migrasie uit Europa tot stilstand gekom, en volgens Raidt (1976: 87) het die bevolking hoofsaaklik deur "natuurlike aanwas toegeneem". Hoewel die aantal vreemdetaalsprekers dus nie meer geword het nie, het die aanleerders van Nederlands wel toegeneem, aangesien die Europeërs die Kaapse taal begin praat het (Raidt 1976: 87).

Die slawe en Khoi het skynbaar nie ŉ goeie verhouding gehad nie, maar daar was deurentyd taalkontak tussen die twee groepe wat tot taalbeïnvloeding gelei het. Van Rensburg (2012: 27) wys daarop dat daar kenmerke van Khoi-Afrikaans teenwoordig is in die Slawe-Afrikaanse tekste van daardie tyd – kenmerke wat die slawe beslis al vroeër by die Khoi moes geleer het.

Van Rensburg (2012: 61) stel dat die Griekwas ontstaan het uit "ŉ groep basters, slawe en Khoi", wat hulself onder leiding van Adam Kok as ŉ nuwe groep mense gesien het en hulself Griekwas genoem het. Hierdie groep het teen 1750 noordwaarts na die Oranjerivierstreek getrek, en hulle het oor en weer ŉ vorm van Veeboerafrikaans en Khoi-Grensafrikaans gepraat, ŉ soort Afrikaans wat vandag bekend staan as Griekwa-Afrikaans. Hierdie variëteit van Afrikaans toon derhalwe ŉ sterk Khoi-invoed.

Die vraag wat ontstaan is waarom daar ŉ verskil tussen Standaardafrikaans en Griekwa-Afrikaans is. Standaardafrikaans en Griekwa-Afrikaans het ŉ soortgelyke taalherkoms, maar ná die trek van Adam Kok en sy groep mense na die Oranjerivierstreek, was daar nie meer dieselfde taalinvloede op die ontwikkelende streekvariëteit (wat later as Griekwa-Afrikaans bekend sou staan) as wat op die ontwikkelende taal aan die Kaap (wat die fondasie sou vorm van Standaardafrikaans) was nie.

Die meeste van die huidige sprekers van Griekwa-Afrikaans is tans hoofsaaklik woonagtig in Griekwaland-Oos en Griekwaland-Wes. Onder Griekwaland-Oos word verstaan Kokstad en sy onmiddellike omgewing. Onder Griekwaland-Wes word die inwoners van Campbell, Douglas, Griekwastad, Daniëlskuil, Prieska, Philippolis en Colesberg gereken (Van Rensburg et al. 1984: 669).

## 3. Die grammatikalisering van postulêre werkwoorde

### 3.1 Die grammatikaliseringsteorie

Die grammatikaliseringsteorie beskryf die taalveranderingsproses waartydens ŉ leksikale konstruksie stelselmatig ontwikkel tot ŉ grammatikale konstruksie (vergelyk Hopper en Traugott 2003: 1). Hierdie teorie bied ŉ bruikbare raamwerk om die ontwikkeling van postulêre werkwoorde in Griekwa-Afrikaans te beskryf, aangesien dit kan verklaar hoe die werkwoorde *sit*, *staan*, *lê* en *loop* vanaf hoofwerkwoorde wat liggaamshouding uitdruk, ontwikkel en evolueer het om as hulpwerkwoorde gebruik te word wat een of ander grammatikale funksie verrig.

Grammatikalisering word gekenmerk deur ŉ aantal prosesse. Hierdie prosesse word omvattend in Breed en Van Huyssteen (2014) bespreek en met Afrikaanse taalvoorbeelde toegelig. Hieronder word die belangrikste en mees relevante prosesse van grammatikalisering kortliks beskryf as agtergrond vir die bespreking van die ontwikkeling van grammatikale gebruike van postulêre werkwoorde.

Die eerste relevante vooronderstelling is dat grammatikalisering altyd op ŉ *universele roete* plaasvind. ŉ Universele roete kan gesien word as die *unidireksionele* "pad van ontwikkeling" waarop ŉ konstruksie grammatikaliseer, en sulke ontwikkelingsroetes stem tipologies ooreen. Met ander woorde, in verskillende tale sal ŉ ooreenstemmende konstruksie (byvoorbeeld ŉ werkwoord wat beweging aandui soos *go* in Engels of *gaan* in Afrikaans en Nederlands) dieselfde *leksikale oorsprong*, rigting en fases van verandering volg (vergelyk Campbell en Janda 2011: 101; Hopper en Traugott 2003: 6-7). So is bewegingswerkwoorde soos *kom* of *gaan* (wat dien as die roete se leksikale oorsprong) in verskeie tale geneig om volgens bepaalde fases te ontwikkel tot toekomsmerkers (vergelyk Bybee en Pagliuca 1985; Bybee, Pagliuca en Perkins 1991).

Tweedens ondergaan ŉ konstruksie wat grammatikaliseer, geleidelik *semantiese verbleking*. Dit beteken dat die veranderende konstruksie geleidelik afstand doen van sy oorspronklike betekenis (oftewel sy leksikale gebruik) en toenemend begin om grammatikale funksies binne ŉ taal te verrig. Breed (2012: 91) verduidelik hoe *gaan* as bewegingswerkwoord begin afstand doen het van sy leksikale betekenis van beweging (vergelyk sin 6) en stelselmatig al meer grammatikale funksies verrig (vergelyk voorbeeldsinne 7 en 8).

6 *StA: Die man* ***gaan*** *huis toe.* (Breed 2012:91)
7 *StA: Die papegaaie* ***gaan*** *aan die raas.* (Breed 2012:91)
8 *StA: Ek* ***gaan*** *hom langs haar laat sit.* (Breed 2012:91)

Hierdie semantiese verbleking staan ook bekend as semantiese *veralgemening*. Breed (2012: 92) verduidelik die proses van veralgemening soos volg:

> ŉ Konstruksie kan tot so ŉ mate veralgemeen dat die oorspronklike leksikale betekenis van die konstruksie heeltemal afwesig is en dat die konstruksie dan "leksikale deursigtigheid het" (lexical transparency of opacity, soos aangetoon is deur Rhee 2008: 10). Hoe meer gegrammatikaliseer ŉ konstruksie se betekenis is, hoe minder ooreenstemming bestaan daar derhalwe tussen die gebruik van die ontwikkelende konstruksie en die oorspronklike leksikale betekenis.

Derdens ondergaan die grammatikaliserende konstruksie fonetiese reduksie (Bybee et al. 1994: 6) of erosie (Heine en Kuteva 2007: 42). Hierdie proses gaan nou gepaard met die bogenoemde proses van veralgemening. Die grammatikaliserende konstruksie verander van vorm, aangesien die konstruksie verkort of saamsmelt met ander konstruksies.

> With the loss of stress or independent tone that accompanies the loss of lexical status, the consonants and vowels of grams undergo reduction processes, which often result in the reduction or loss of segmental material and a reduction in the length of the gram. (Bybee et al. 1994: 6.)

Soos die grammatikale konstruksie foneties en semanties reduseer, word dit derhalwe meer en meer afhanklik van omliggende materiaal, en dit begin saamsmelt met ander grammatikale of leksikale morfeme in sy omgewing. Hierdie samesmelting ("*fusion*") veroorsaak verdere vormlike veranderinge in die grammatikale konstruksie.

ŉ Konstruksie wat semantiese veralgemening vertoon, word nou in al hoe meer kontekste bruikbaar, aangesien die leksikale konstruksie se semantiese beperkinge opgehef word. ŉ Vierde relevante faset van grammatikalisering is derhalwe dat ŉ konstruksie wat grammatikaliseer, se *frekwensie* sal toeneem in ŉ korpus (vergelyk Breed 2012: 95).

### 3.2 Die ontwikkeling van postulêre werkwoorde tot hulpwerkwoorde

Die grammatikalisering van die postulêre konstruksie met aspektuele waarde toon ŉ herhalende patroon in talle onverwante tale (Ameka en Levinson 2007; Kuteva 1999; Lemmens 2003; Lemmens 2005: 187–189). Kuteva (1999: 192) verduidelik dat die voorwaarde vir ouksiliëring[3] die gebruik van postulêre werkwoorde as "the unmarked/canonical encodings of position of physical objects in space" is. Die postulêre werkwoord moet eerstens sy "liggaamshouding"-betekenis afskud, voordat dit ŉ aanduiding kan word van die ligging van enige entiteit.

---

[3] Ouksiliëring verwys na die proses waartydens komplekse leksikale strukture mettertyd ontwikkel tot hulpwerkwoordelike grammatikale strukture, tesame met al die semantiese, morfosintaktiese en fonologiese veranderinge wat daarmee gepaardgaan (Kuteva 2001: 2). Ouksiliëring, oftewel hulpwerkwoordvorming, is ŉ term wat in 1968 deur Benveniste gemunt is om te verwys na die grammatikalisering van hulpwerkwoorde vanuit hoofwerkwoorde (Hopper en Traugott 2003: 26).

Dit wil voorkom of die grammatikalisering van postulêre werkwoorde volgens ŉ universele roete ontwikkel. Kuteva (1999: 191) wys op twee vereistes wat nodig is vir dié tipe grammatikalisering:

> 1) the use of the posture-verb construction as an aspectual marker correlates with the use of the posture verbs as the UNMARKED/CANONICAL ENCODINGS OF SPATIAL POSITION OF OBJECTS; and
>
> 2) the tendency for a language to encode the spatial position of an entity in terms of the notions of sitting, or standing, or lying elevates the corresponding verb structures to the status of basic, most common verb expressions and thus makes them appropriate source structures in auxiliation.

Kuteva (1991) onderskei vervolgens tussen vier vlakke van die grammatikaliseringsproses van liggaamlike postuurwerkwoorde na hulpwerkwoorde:

Vlak 1
i. Liggaamlike postuur (lewende objekte)
ii. Liggaamlike postuur PLUS gelyktydige werkwoordsituasie ($V_{POS}$ en *V*)

Vlak 2
i. Ruimtelike posisie van objekte (kanoniese kodering, "canonical coding")
ii. Ruimtelike posisie van objek PLUS nog ŉ gelyktydige proses ($V_{POS}$ en *V*)

Vlak 3 Kontinuatiewe/duratiewe/progressiewe met nielewende objekte

Vlak 4 Kontinuatiewe/duratiewe/progressiewe met lewende/nielewende objekte

Breed (om te verskyn1) voeg egter, op grond van ŉ ontwikkeling wat te bespeur is in die Standaardafrikaanse postulêre werkwoord, nog ŉ vyfde vlak by hierdie ontwikkelingsroete, naamlik die ontwikkeling van die postulêre aspektuele hulpwerkwoorde tot ŉ modale hulpwerkwoord. Sy dui verder aan, gedeeltelik gebaseer op die beskrywing van Lemmens (2005), en Breed en Brisard (2015), dat Kuteva se vierde vlak deur drie ontwikkelingsfases beweeg. Die ontwikkelingsroete van die Standaardafrikaanse postulêre werkwoord wat deur Breed (om te verskyn1) voorgestel word, word in Tabel 1 opgesom. Voorbeeldsinne van die konstruksies se aanwending in elkeen van die fases, word onder die tabel aangebied.

**Tabel 1:** Grammatikaliseringsroete van postulêre werkwoorde in Standaardafrikaans (geneem en aangepas uit Breed om te verskyn)

| **Vlak** | **Fase** | **Kenmerke** | **Sinne** |
|---|---|---|---|
| I | i | Die postulêre werkwoord druk die liggaamlike postuur van ŉ lewende subjek uit. [$N_{SUB.ANIM.}$ + $V_{POS.}$ + ADV.] | 9 |
| | ii | Die postulêre werkwoord druk die liggaamlike postuur van ŉ lewende subjek uit, maar daar vind ŉ gelyktydige werkwoordsituasie plaas waarby dieselfde lewende subjek betrokke is in ŉ komplekse sinstruktuur. [$N_{SUB.ANIM.1}$ + $V_{POS.1}$ + ADV.] + en + [$N._{SUB.ANIM.1}$ + $V_2$] | 10 |
| II | i | Die postulêre werkwoord druk die ruimtelike posisie van nielewende subjekte uit in ŉ simplekse sinstruktuur. [$N_{SUB.INANIM.}$ + $V_{POS.}$ + ADV.] | 11 |

| Vlak | Fase | Kenmerke | Sinne |
|---|---|---|---|
| | ii | Meerduidige interpretasie bestaan, tussen:<br>– Die postulêre werkwoord wat die ruimtelike posisie van ŉ nielewende subjek uitdruk PLUS ŉ gelykgebeurende werkwoordsituasie in ŉ komplekse sinstruktuur.<br>$[N_{SUB.INAMIM.1} + V_{POS.1} + ADV.] + en + [N_{SUB.INAMIM.1} + V_2]$<br>en<br>– Die postulêre werkwoord wat as hulwerkwoord aspektuele betekenis uitdruk in ŉ simplekse sinstruktuur)<br>$[N_{SUB.INANIM.} + V_{POS.AUX.\ IMP.} + ADV. + en + V]$ | 12 |
| III | i | Die postulêre werkwoord tree as ŉ aspektuele hulpwerkwoord op in ŉ simplekse sinstruktuur met ŉ nielewende subjek.<br>$[N_{SUB.INANIM.} + V_{POS.AUX.\ IMP.} + en + V + ADV.]$ | 13 en 14 |
| IV | i | Die postulêre werkwoord tree as ŉ aspektuele hulpwerkwoord op in ŉ simplekse sinstruktuur met ŉ nielewende of lewende subjek, maar die ruimtelike posisie of liggaamlike houding van die subjek **stem sterk ooreen** met die leksikale betekenis van die postulêre werkwoord.<br>$[N_{SUB.INANIM/ANIM.} + V_{POS.AUX.\ IMP.} + en + V + ADV.]$ | 15 |
| | ii | Die postulêre werkwoord tree as ŉ aspektuele hulpwerkwoord op in ŉ simplekse sinstruktuur met ŉ nielewende of lewende subjek, maar die ruimtelike posisie of liggaamlike houding van die subjek **stem gedeeltelik ooreen** met die leksikale betekenis van die postulêre werkwoord.<br>$[N_{SUB.INANIM/ANIM.} + V_{POS.AUX.\ IMP.} + en + V + ADV.]$ | 16 en 17 |
| | iii | Die postulêre werkwoord tree as ŉ aspektuele hulpwerkwoord op in ŉ simplekse sinstruktuur met ŉ nielewende of lewende subjek, maar die ruimtelike posisie of liggaamlike houding van die subjek **stem nie meer ooreen** met die leksikale betekenis van die postulêre werkwoord nie. Tydens hierdie fase kan die progressiewe konstruksie gebruik word om modale betekenis uit te druk.<br>$[N_{SUB.INANIM/ANIM.} + V_{POS.AUX.\ IMP.} + en + V + ADV.]$ | 18 en 19 |
| V | i | Die postulêre werkwoord tree as ŉ modale hulpwerkwoord op in ŉ simplekse sinstruktuur met ŉ nielewende of lewende subjek. Die ruimtelike posisie of liggaamlike houding van die subjek stem nie meer ooreen met die leksikale betekenis van die postulêre werkwoord nie, en kan nie meer as ŉ aspektuele (progressiewe) konstruksie geïnterpreteer word nie.<br>$[N_{SUB.INANIM/ANIM.} + V_{POS.AUX.MOD.} + en + V + ADV.]$ | 20 |

9 *StA* *Pieter **sit** op die bed.*
10 *StA* *Hy **sit** by die tafel en lees koerant.*
11 *StA* *Die potplant **staan** op die stoep.*
12 *StA* *Die potplante **staan** op die stoep **en verdroog**.*
13 *StA* *Baie motors het tot in die pad **gestaan en wag** om by die pompe uit te kom.*
14 *StA* *Die ketel **staan en kook** op die stoof.*
15 *StA* *Hy **sit en lees** en sy aandag is vasgevang deur die boek toe sy met die tee inkom.*
16 *StA* *Die gras is droog en die son brand neer en die beeste **staan en wag**.*
17 *StA* *Gevolglik gee hulle makgemaakte plaasdiere ŉ mis weens die haglike dinge rondom slagpalekondisies en vervoer daarnatoe, maar skroom nie om wildsvleis te eet nie, afkomstig van ŉ bokkie wat rustig **staan en wei** voordat hy humaan van die gras af gemaak is deur ŉ professionele jagter.*
18 *StA* *Kan so ŉ vlam vir weke daar in die veld **staan en brand**?*
19 *StA* *Maar nee, nou **loop en beskinder** julle die arme man agter sy rug.*
20 *StA* *Vir wat **staan en nooi** jy nou die vroumens? Het ek nie genoeg probleme nie?*

Die vraag kan gevra word of die postulêre werkwoord in Griekwa-Afrikaans tot dieselfde mate as dié van Standaardafrikaans gegrammatikaliseer het, met ander woorde of postulêre werkwoorde in Griekwa-Afrikaans ook gebruik kan word om modale betekenis uit te druk. Indien daar nie modale postulêre hulpwerkwoorde in Griekwa-Afrikaans te vinde is nie, sou dit impliseer dat die Standaardafrikaanse konstruksie verder as die streekvariëteit se konstruksie gegrammatikaliseer het.

## 4. Korpusondersoek na Griekwa-Afrikaanse postulêre werkwoorde

ŉ Korpusondersoek is geloods om te bepaal tot watter mate die gebruik van postulêre werkwoorde as grammatikale konstruksies in die gesproke streekvariëteit, Griekwa-Afrikaans, ooreenstem met die wyse waarop dit in Standaardafrikaans gebruik word. ŉ Griekwa-Afrikaanse konkordansie van 1 000 sinne wat elk ten minste een postulêre werkwoord bevat, is saamgestel en aan die hand van bepaalde parameters ontleed. Die resultate van hierdie ondersoek na die Griekwa-Afrikaanse konstruksie is vergelyk met afleidings wat reeds uit bestaande studies (hoofsaaklik dié van Breed 2012, om te verskyn1,2; Breed en Brisard 2015; Breed et al. om te verskyn) oor die Standaardafrikaanse konstruksie gemaak is.

Die oogmerk van hierdie korpusondersoek was dus nie om ŉ vergelykende studie tussen twee taalvariëteite te wees nie, maar eerder om die spesifieke grammatikale gebruike van die postulêre werkwoorde in Griekwa-Afrikaans te bespreek ten einde te bepaal of die bestaande beskrywing van postulêre werkwoorde in Standaardafrikaans ook geldig is vir ŉ beskrywing van die gebruik van postulêre werkwoorde in ŉ streekvariëteit soos Griekwa-Afrikaans.

### 4.1 Metode van ondersoek

Die Griekwa-Afrikaanse konkordansie is saamgestel uit die transkripsies van opnames wat gemaak is vir en deel uitmaak van Van Rensburg (1984) se RGN-verslag, getiteld *Die Afrikaans van die Griekwas van die Tagtigerjare*. Opnames is gemaak van tussen 90 en 100 Griekwa-Afrikaanse sprekers, afkomstig uit Griekwaland-Oos en Griekwaland-Wes. Opnames van 35 van hierdie segspersone is deur transkripsies ontsluit (De Wet 1984: 685) en die konkordansie vir hierdie studie is uit die transkripsies van hierdie ontsluite opnames saamgestel. In totaal is 15 261 sinne in die transkripsies deurgewerk alvorens 1 000 sinne wat elk ten minste een postulêre werkwoord bevat, gekonkordeer kon word.

Die konkordansie is aan die hand van vier parameters ondersoek, te wete (i) frekwensie; (ii) fonetiese reduksie; (iii) veralgemening; en (iv) sintaktiese verskynsels.

Soos eerstens aangedui in Afdeling 3.1, kan frekwensie ŉ aanduiding wees van die mate waarin ŉ konstruksie gegrammatikaliseer het. Verskillende frekwensieverhoudinge is nagegaan, naamlik die frekwensies van die betrokke vier postulêre werkwoorde, die verhouding tussen die leksikale en grammatikale gebruike van elke postulêre werkwoord, en die verskillende grammatikale gebruike wat onderskei kon word.

In Afdeling 3.1 is tweedens ook genoem dat ŉ konstruksie wat grammatikaliseer moontlik fonetiese reduksie kan ondergaan wat tot gevolg het dat so ŉ konstruksie van vorm kan verander. Daar is dus nagegaan of die vorm van die grammatikale postulêre konstruksie in

Griekwa-Afrikaans verskil van die vorm van die ooreenstemmende konstruksie in Standaardafrikaans[4].

Derdens is daar in Afdeling 3.1 gemeld dat ŉ grammatikaliserende konstruksie semanties veralgemeen, wat beteken dat die konstruksie in meer kontekste begin bruikbaar word, of vir ŉ wyer reeks grammatikale gebruike aangewend kan word. Derhalwe is die Griekwa-Afrikaanse konstruksie ondersoek vir moontlike veralgemening in grammatikale gebruik.

Laastens is die vormlike of sintaktiese variasie van die Griekwa-Afrikaanse konstruksie ondersoek, aangesien ŉ verskil in sintaktiese struktuur ook ŉ moontlike aanduiding kan wees dat die variëteit se konstruksie grammatikaal anders aangewend word as dié van Standaardafrikaans.

### 4.2 Frekwensie

Soos reeds genoem, is dit te verwagte dat die mate waarin ŉ konstruksie gegrammatikaliseer is, weerspieël sal word in die frekwensie van die grammatikale gebruik van daardie konstruksie. Dit sal dus nie verrassend wees as ŉ konstruksie wat tot ŉ hoë mate gegrammatikaliseer het, ook ŉ hoë frekwensie van grammatikale gebruike sal hê nie, óf dat ŉ konstruksie wat nog nie ver gegrammatikaliseer het nie, ŉ lae frekwensie van grammatikale gebruike sal hê.

Die eerste frekwensieverhouding wat ondersoek is, is die frekwensies van elkeen van die postulêre werkwoorde. ŉ Konstruksie wat besig is om te grammatikaliseer, sal toeneem in frekwensie. Dit is dus sinvol om die totale frekwensies van die postulêre werkwoorde in Griekwa-Afrikaans vas te stel en te vergelyk met die frekwensies van die ooreenstemmende Standaardafrikaanse postulêre werkwoorde.


Tabel 2 en Figuur 1 toon die frekwensie van elkeen van die vier ondersoekte postulêre werkwoorde, naamlik *sit*, *staan*, *lê* en *loop* in Griekwa-Afrikaans aan. Die frekwensievolgorde van die postulêre werkwoorde in die Gr-konkordansie is *loop* > *sit* > *staan* > *lê*.

**Tabel 2:** Totale frekwensies van die vier postulêre werkwoorde in Griekwa-Afrikaans.

| Postulêre werkwoord | Totale frekwensies | |
|---|---|---|
| *Sit* | 285 | (27%) |
| *Staan* | 229 | (22%) |
| *Lê* | 132 | (13%) |
| *Loop* | 394 | (38%) |
| TOTAAL | 1 040[5] | (100%) |

[4] Vir hierdie vergelyking is resultate gebruik van ondersoeke na die konstruksie se gebruik in die Taalkommissiekorpus 1.1, soos hoofsaaklik aangedui in Breed en Brisard (2015) en Breed et al. (om te verskyn).

[5] Hoewel slegs 1 000 sinne met postulêre werkwoorde in die konkordansie opgeneem is, bevat sommige sinne meer as een postulêre werkwoord, en derhalwe is die totale aantal postulêre werkwoorde wat in die konkordansie opgeneem is nie, nie beperk tot 1 000 voorbeelde nie.





**Figuur 1:** Totale frekwensies van die vier postulêre werkwoorde in Griekwa-Afrikaans

Breed en Brisard (2015) dui aan dat *staan* die mees frekwente postulêre werkwoord in Standaardafrikaans is, maar *loop* is nie as postulêre werkwoord by hul vergelyking ingesluit nie. Wanneer die frekwensie van *loop* in die TK-korpus ook bygereken word, is die frekwensievolgorde van die vier ondersoekte postulêre werkwoorde as volg:


**Tabel 3:** Totale frekwensies van die vier postulêre werkwoorde in Standaardafrikaans.

| Postulêre werkwoord | Totale frekwensies | |
|---|---|---|
| Sit | 24 408 | (25%) |
| Staan | 34 679 | (37%) |
| Lê | 19 971 | (21%) |
| Loop | 15 234 | (16%) |
| TOTAAL | 94 292 | (100%) |




**Figuur 2:** Totale frekwensies van die vier postulêre werkwoorde in Standaardafrikaans.

Hierdie verskil in die frekwensieverhouding tussen die postulêre werkwoorde van Griekwa-Afrikaans en Standaardafrikaans, kan ŉ eerste moontlike aanduiding wees dat daar ŉ verskil is in die mate waarin hierdie twee variëteite se postulêre werkwoorde gegrammatikaliseer is. Die feit dat *loop* in Griekwa-Afrikaans die mees frekwente postulêre werkwoord in hierdie variëteit is, maar die minste gereeld in Standaardafrikaans voorkom, kan moontlik daarop dui dat *loop* in Griekwa-Afrikaans tot ŉ hoë mate gegrammatikaliseer is (vergelyk Figuur 3).





**Figuur 3:** ŉ Vergelyking tussen die frekwensies van die Griekwa-Afrikaanse en Standaardafrikaanse postulêre werkwoorde

Wanneer die mate van gegrammatikaliseerdheid van ŉ konstruksie ondersoek word, is die frekwensieverhouding tussen die leksikale en grammatikale gebruik van die konstruksie relevant, aangesien ŉ konstruksie wat tot ŉ hoë mate gegrammatikaliseer het, meer gereeld as ŉ grammatikale konstruksie gebruik sal word in vergelyking met ŉ konstruksie wat nie tot ŉ hoë mate gegrammatikaliseer het nie. Soos genoem, bestaan die Griekwa-Afrikaanse konkordansie uit ŉ seleksie van 1 000 sinne waarin postulêre werkwoorde voorkom. Aangesien sommige sinne meer as een postulêre werkwoord bevat, is daar nie slegs 1 000 voorbeelde van postulêre werkwoorde nie. In totaal is daar in die konkordansie 1 098[6] voorbeelde van postulêre werkwoordgebruik gevind. Die meerderheid van hierdie voorkomste van postulêre werkwoorde (735 werkwoorde) was egter ongegrammatikaliseerde hoofwerkwoorde, en 363 van hierdie werkwoorde is as hulpwoorde aangewend om een of ander grammatikale funksie te verrig (vergelyk Tabel 4 en Figuur 4).

**Tabel 4:** Verhouding tussen leksikale en grammatikale gebruike van Griekwa-Afrikaanse postulêre werkwoorde

| | |
|---|---|
| Leksikaal | 735 |
| Grammatikaal | 363 |
| Totaal | 1 098 |

[6] Hoewel daar hoofsaaklik gefokus is op *sit, staan, lê* en *loop*, is ander postulêre werkwoorde soos *hardloop* en *hol* ook by die konkordansie ingesluit, om te bepaal of marginale postulêre werkwoorde ook besig is om te grammatikaliseer in Griekwa-Afrikaans. Aangesien hiérdie werkwoorde egter slegs leksikale gebruike getoon het, is dit nie verder by die korpusondersoek betrek nie.





**Figuur 4:** Verhouding tussen leksikale en grammatikale gebruike van Griekwa-Afrikaanse postulêre werkwoorde

Wanneer egter na die afsonderlike verhouding tussen leksikale en grammatikale frekwensies vir elke postulêre werkwoord gekyk word, lyk die prentjie ietwat anders (vergelyk Tabel 5 en Figuur 5).

**Tabel 5:** Verhouding tussen leksikale en grammatikale gebruike van elke postulêre werkwoord

| Postulêre werkwoord | Grammatikaal | Leksikaal | Totaal |
|---|---|---|---|
| *Sit* | 46 | 239 | 285 |
| *Staan* | 33 | 196 | 229 |
| *Lê* | 36 | 96 | 132 |
| *Loop* | 249 | 145 | 394 |
| TOTAAL | 364 | 676 | 1 040 |




**Figuur 5:** Verhouding tussen leksikale en grammatikale gebruike van elke postulêre werkwoord in Griekwa-Afrikaans

Die vergelyking bevestig die vroeëre waarneming gemaak dat *loop* in Griekwa-Afrikaans tot ŉ hoë mate gegrammatikaliseer het. ŉ Konstruksie wat nie gegrammatikaliseerd is nie, behoort geen grammatikale gebruike te hê nie. Soos ŉ konstruksie egter grammatikaliseer, neem die frekwensie van sy grammatikale gebruike uiteraard toe, en wanneer ŉ konstruksie, soos *loop* in

hierdie geval, se grammatikale gebruike meer kere voorkom as die konstruksie se leksikale gebruike, dui dit aan dat die bepaalde konstruksie baie ver gegrammatikaliseer het. Hoewel dit duidelik is dat *sit*, *staan* en *lê* as grammatikale merkers gebruik word in Griekwa-Afrikaans, is *loop* in Griekwa-Afrikaans in die besonder ver gegrammatikaliseer. Ons kan dus verwag dat hierdie werkwoord ook tot ŉ groot mate veralgemening gaan toon. Die mate van veralgemening word in 4.4 verder ondersoek.

Breed en Brisard (2015), sowel as Breed et al. (om te verskyn) stel hoofsaaklik ondersoek in na die gebruik van die postulêre werkwoord as progressiewe merkers in Standaardafrikaans. Breed (om te verskyn1) dui verder ook aan dat die postulêre werkwoord in Standaardafrikaans gebruik kan word om modale betekenis uit te druk, soos byvoorbeeld in sin 21.

21 *StA* *Maar nee, nou loop en beskinder julle die arme man agter sy rug.* (Breed om te verskyn1)

Verder, hoewel Breed (2012: 160) ook kortliks noem dat *loop* in sekere kontekste in Standaardafrikaans gebruik kan word as wisselvorm vir die inchoatiewe gebruik van gaan (byvoorbeeld sin 22), word daar in geen van die reedsgepubliseerde navorsing oor die postulêre werkwoord in Standaardafrikaans, ŉ bestekopname gemaak van al die moontlike grammatikale gebruike van die postulêre werkwoord nie.

22 *StA* *Ons het voor die venster loop staan en die vroue oorkant die straat dopgehou.*


In die huidige artikel word nie slegs na die $V_{POS}$ *en*-konstruksie gekyk nie, maar word alle moontlike grammatikale gebruike van die Griekwa-Afrikaanse postulêre werkwoord ondersoek.

In hierdie verband is vier[7] verskillende grammatikale funksies onderskei waarvoor die postulêre werkwoord in Griekwa-Afrikaans aangewend word, naamlik om (i) progressiewe betekenis (136 keer); (ii) inchoatiewe[8] betekenis (197 keer); (iii) modale betekenis (23 keer); en (iv) verledetydsbetekenis[9] (7 keer) aan te dui (vergelyk Tabel 6 en Figuur 6).

**Tabel 6:** Grammatikale gebruike van die postulêre werkwoord in Griekwa-Afrikaans

| Grammatikale gebruik | Hoeveelheid gevalle |
|---|---:|
| Progressief | 136 |
| Modaal | 23 |
| Verledetyd | 7 |
| Inchoatief | 197 |
| Totaal | 363 |

[7] Voorbeeldsinne van elkeen van hierdie gebruike word later in die artikel aangebied.
[8] Die inchoatiewe betekenis is ŉ aspektuele onderskeiding wat aandui dat ŉ bepaalde situasie ŉ aanvang geneem het, of dat daar ŉ oorgang plaasvind vanaf een situasie na ŉ ander (vergelyk Bybee et al. 1994: 65).
[9] Dit was soms moeilik om te onderskei of ŉ sin as ŉ verledetyd- of modale sin gekodeer moet word, en daar was dikwels ook oorvleueling van interpretasie. Sinne is derhalwe as verledetyd geanaliseer wanneer geen sterk modale, progressiewe of inchoatiewe gebruik afgelei kon word nie, en die postulêre werkwoord klaarblyklik slegs gebruik is om aan te dui dat ŉ situasie in die verlede plaasgevind het.





**Figuur 6:** Grammatikale gebruike van die postulêre werkwoord in Griekwa-Afrikaans

Dit is egter eers uit ŉ vergelyking tussen die grammatikale gebruike vir elke postulêre werkwoord, wat daar ŉ redelike gevolgtrekking gemaak kan word oor die mate waarin elkeen van die postulêre werkwoorde gegrammatikaliseerd is (vergelyk Tabel 7 en Figuur 7).

**Tabel 7:** Grammatikale gebruike van elke postulêre werkwoord

| | *sit* | *staan* | *lê* | *loop* | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Progressief | 46 | 25 | 26 | 39 | 136 |
| Modaal | 0 | 4 | 2 | 17 | 23 |
| Verledetyd | 0 | 0 | 0 | 7 | 7 |
| Inchoatief | 0 | 4 | 9 | 184 | 197 |
| Totaal | 46 | 33 | 37 | 247 | 363 |




**Figuur 7:** Grammatikale gebruike van elke postulêre werkwoord

Soos vroeër in die artikel aangedui is, sal ŉ konstruksie wat grammatikaliseer, al hoe meer veralgemeen en in meer kontekste bruikbaar wees. ŉ Konstruksie wat al hoe meer grammatikale gebruike vertoon, is gevolglik verder gegrammatikaliseer as een wat minder grammatikale gebruike het. Die bevindings in Tabel 7 en Figuur 7 bevestig dus wat uit die vorige

frekwensievergelykings afgelei is, naamlik dat *loop* tot ŉ hoë mate gegrammatikaliseer is. *Loop* vertoon al vier grammatikale gebruike (vergelyk voorbeeldsinne 23 tot 26), terwyl daar in die konkordansie vir *staan* en *lê* slegs progressiewe, modale en inchoatiewe gebruike gevind is (vergelyk voorbeeldsinne 27 tot 32). Vir *sit* is daar slegs progressiewe gebruike gevind (vergelyk sin 33), so daar kan afgelei word dat dié postulêre werkwoord die minste veralgemeen het.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 23 | *GrA* | *Die man loop en speel.* | *(progressief)* |
| 24 | *GrA* | *Toe't die kar my nou* ***loop*** *verongeluk.* | *(modaal)* |
| 25 | *GrA* | *Baie van die mense het* ***geloop*** *sterwe.* | *(verledetyd)* |
| 26 | *GrA* | *Toe gan hy loop veld toe,* ***lôop*** *weie.* | *(inchoatief)* |
| 27 | *GrA* | *Ek kan nie meer werk ga* ***staan*** *en aanvat nie.* | *(progressief)* |
| 28 | *GrA* | *Aitsê, Here, das tog nie ek wat so gelê* ***stan*** *oortree het nie.* | *(modaal)* |
| 29 | *GrA* | *Toe het my mense so* ***gestaan*** *swerf.* | *(inchoatief)* |
| 30 | *GrA* | *Ek lê en lyster vir hulle so toe hoor ek vir Mirtiens.* | *(progressief)* |
| 31 | *GrA* | *Aljimmers dan* ***lê*** *stan gee boezakgoed.* | *(modaal)* |
| 32 | *GrA* | *Die manne* ***lê*** *wakker maak.* | *(inchoatief)* |
| 33 | *GrA* | *Ons* ***sit*** *en kyk die deng so.* | *(progressief)* |

Daar is egter ŉ groot verskil in die mate waarin postulêre werkwoorde in Griekwa-Afrikaans en Standaardafrikaans veralgemeen het. Hoewel die postulêre werkwoord in Standaardafrikaans gebruik kan word om progressiewe en modale betekenis uit te druk, is daar tot op hede geen tempusgebruike vir die postulêre werkwoord geïdentifiseer nie. Dit wil voorkom asof die $V_{POS}$ *en*-konstruksie in Griekwa-Afrikaans geëvolueer het vanaf aspektuele konstruksie na – ooreenstemmend met die konstruksie se ontwikkeling in Standaardafrikaans – ŉ modale konstruksie, maar óók ontwikkel het tot ŉ tempuskonstruksie om verledetyd te merk. Verder is slegs *loop* in Standaardafrikaans as inchoatiewe merker geïdentifiseer (vergelyk Breed 2012: 160), maar in Griekwa-Afrikaans het hierdie funksie skynbaar uitgebrei tot ander postulêre werkwoorde. Gebaseer op veralgemening van grammatikale gebruike, kan dit dus gestel word dat die postulêre werkwoord in Griekwa-Afrikaans oor die algemeen verder gegrammatikaliseer het as dié van Standaardafrikaans.

### 4.3 Fonetiese reduksie

Soos aangedui in Afdeling 3.1, is fonetiese reduksie ŉ sterk kenmerk van grammatikalisering. Namate ŉ konstruksie grammatikaliseer, skud dit vormlike eienskappe af en begin die konstruksie met omliggende konstruksies saamsmelt.

In Standaardafrikaans word die postulêre werkwoord hoofsaaklik as progressiewe konstruksie aangewend, en hierdie selfde konstruksie kan dan evolueer om modale betekenis uit te druk. In Standaardafrikaans het hierdie konstruksie egter ŉ vaste vorm, naamlik dat die postulêre hulpwerkwoord met die voegwoord en verbind word aan die hoofwerkwoordstuk van die sin. Die voegwoord is verpligtend, en die konstruksie kan derhalwe nog as ŉ suiwer perifrastiese konstruksie geklassifiseer word.

ŉ Perifrastiese konstruksie is ŉ konstruksie wat uit meer as een afsonderlike woorditem bestaan, maar die items het eenheidstatus en kan nie van mekaar geskei word nie. Die perifrastiese fase is een van die eerste vormlike fases van ŉ grammatikaliserende konstruksie. Die verskillende woorde waaruit ŉ perifrastiese konstruksie bestaan, raak met ander woorde van mekaar

afhanklik. Soos die perifrastiese konstruksie evolueer, kan die verskillende woorde waaruit die perifrase bestaan, só van mekaar afhanklik wees dat hul begin saamsmelt om ŉ nuwe vorm aan te neem. Die neiging is dus dat ŉ grammatikaliserende konstruksie foneties reduseer en ŉ toenemend kleiner wordende vorm word, soos voorgestel in Figuur 8.




**Figuur 8:** Fusieskaal (Bybee et al. 1994: 40, soos vertaal deur Breed 2012: 101)

ŉ Opvallende verskil tussen die progressiewe postulêre konstruksie van Standaardafrikaans en Griekwa-Afrikaans is die mate waarin die Griekwa-Afrikaanse konstruksie foneties gereduseer het. Terwyl dit in Standaardafrikaans verpligtend is om die progressiewe of modale postulêre hulpwerkwoord en die hoofwerkwoord met die voegwoord *en* aan mekaar te verbind, blyk dit dat die Griekwa-Afrikaanse konstruksie tot ŉ groot mate al foneties gereduseer het.

Daar is, soos genoem, 136 voorbeelde in die Griekwa-Afrikaanse konkordansie van progressiewe gebruike vir die vier ondersoekte postulêre werkwoorde gevind. Waar al die postulêre werkwoorde in Standaardafrikaanse progressiewe konstruksies met ŉ *en*-voegwoord verbind sou moes word, word daar in slegs 49 van die 136 Griekwa-Afrikaanse voorbeelde ŉ *en*-voegwoord gebruik om die postulêre hulpwerkwoord en die hoofwerkwoord te verbind (byvoorbeeld sin 34).

34 *GrA* *Ek sal mar hier sit **en** wag.*

In ses sinne word die *en*-voegwoord op *ŉ* foneties gereduseer (byvoorbeeld sinne 35 tot 37). Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat die voorbeelde transkripsies is van mondelinge gesprekke, en dat die transkribeerder dus die fonetiese reduksie getranskribeer het na aanleiding van dit wat sy of hy afgelei het van hoe die spreker die bindingspartikel uitspreek. Nietemin is dit duidelik dat die postulêre werkwoord en die hoofwerkwoord nie noodwendig deur die voegwoord *en* verbind hoef te word nie, maar dat *an*, ŉ foneties gedeeltelik-gereduseerde vorm van *en*, hierdie funksie kan verrig.

35 *GrA* *Hai kan nie **lôop an** niks doen nie an ee…hai trek nie.*
36 *GrA* *Hei man moenie met my **staan in** stry nie.*
37 *GrA* *Dis waarvoor ons ok meeste vannie tyt ok mar **sit ŉ** bit en smeek.*

Die meeste van die progressiewe voorbeelde (82 voorbeelde) in die konkordansie, bevat egter geen verbindingskonstruksie nie (byvoorbeeld sinne 38 tot 41).

38 *GrA* *Nou **sit** sing hille virie heeldag*
39 *GrA* *Voor wat sal hy so vinnig **stan** ry?*
40 *GrA* *hier **lê** asemskep hy*
41 *GrA* *nou weer kleerling **galoop** mak*

Hierdie is ŉ verdere aanduiding dat die postulêre werkwoord in Griekwa-Afrikaans in ŉ groter mate gegrammatikaliseer het as die ooreenstemmende konstruksie in Standaardafrikaans.

### 4.4 Veralgemening

Die belangrikste gevolg van grammatikalisering, is dat ŉ konstruksie toenemend kan kombineer met leksikale woorde waarmee dit in sy leksikale gebruik nie moontlik was nie.

Breed en Brisard (2015: 17–19), en Breed et al. (om te verskyn) toon in hierdie verband aan dat die postulêre werkwoord in Standaardafrikaans wel groter veralgemening ondergaan het as die Nederlandse postulêre werkwoord, maar dat die Standaardafrikaanse postulêre progressief[10] nog tot ŉ groot mate beperk is tot ŉ kombinasie met hoofwerkwoorde wat ŉ aksie uitdruk wat uitvoerbaar is in die liggaamshouding wat deur die postulêre werkwoord uitgedruk word.

In Griekwa-Afrikaans is daar egter ŉ hele aantal voorbeelde van postulêre hulpwerkwoorde wat kombineer met leksikaal onversoenbare hoofwerkwoorde. Dit is byvoorbeeld nie fisies moontlik om in ŉ lêende liggaamshouding "op te klim" of te "bontspring" nie (sinne 42 en 43), en dit is nie moontlik om gelyktydig te lê en te staan nie, en allermins nie om enige vanuit hierdie twee statiese liggaamshoudings te "ry" nie (voorbeeldsin 44).

42 *GrA* *toe had ons **gelê opklim** troei hoeistoe met bottel sam*
43 *GrA* *as julle eendag nog so **lê en bontseet (bontspring)** dan af die Here hier bo julle, en dan is dat klaar met griekwa se keend*
44 *GrA* *het **gelê staan ry***

Verder, soos uit 44 gesien kan word, is dit skynbaar algemene gebruik in Griekwa-Afrikaans om meer as een postulêre werkwoord as ŉ enkele grammatikale konstruksie te kombineer met die hoofwerkwoord van die sin. Ten minste 17 voorbeelde hiervan is in die konkordansie gevind (byvoorbeeld sinne 45 tot 47). In al die voorbeelde was dit egter ŉ kombinasie van (ge)*lê* + *staan*, en slegs in ŉ enkele voorbeeld (voorbeeldsin 45) word *staan* en *lê* omgeruil. Dit wil voorkom asof (ge)*staan lê* ŉ nuutgevormde postulêre perifrastiese progressiewe konstruksie in Griekwa-Afrikaans is.

45 *GrA* *aljimmers dan **stan lê** hool hy ŉ end*
46 *GrA* *ons had ŉ bietjie **gelê stan** oortree*
47 *GrA* *jy **lê staan** skint Grikwa se kind by die karakter*

Die feit dat hierdie twee postulêre werkwoorde tesame aangebied kan word, is ŉ sterk aanduiding dat grammatikale postulêre werkwoorde in Griekwa-Afrikaans volledig afstand gedoen het van enige betekenis wat nog liggaamshouding uitdruk, en dus totaal veralgemeen het in betekenis.

Progressiewe konstruksies is tipologies gesproke onversoenbaar met situasietipes wat as toestande[11] geklassifiseer kan word (vergelyk Kranich 2010: 32–35). In Standaardafrikaans sal sinne soos die volgende derhalwe ongrammatikaal of semanties gemarkeerd voorkom:

---

[10] Dit is hoofsaaklik in die modale gebruik van die postulêre progressief, waar die konstruksie tot so ŉ mate veralgemeen het dat dit met werkwoorde kan kombineer wat aksies uitdruk wat nie uitvoerbaar is in die postulêre werkwoord so ooreenstemmende liggaamshouding nie.

[11] ŉ Toestand is ŉ statiese situasietipe wat oor ŉ tydperk onveranderd sal bly, byvoorbeeld *liefhê, ken, weet, verstaan* (vergelyk Smith 1997: 37).

48 *StA* **Die man is besig om Russies te ken.*
49 *StA* **Ek is jou aan die liefhê.*
50 *StA* *?Ek sit en weet wat is die regte ding om te doen.*

Wanneer ŉ progressiewe konstruksie dan wel met ŉ toestandsituasie kombineer, is dit ŉ aanduiding van ŉ hoë mate van grammatikalisering, aangesien die tipiese verwagte leksikale of semantiese beperkings wat met die konstruksie geassosieer word, opgehef word. In die Griekwa-konkordansie is twee voorbeelde gevind van toestandsituasies wat met die progressief kombineer:

51 *GrA* *mar sôs ek nou hier's sôs ek hier* ***sit en kên*** *nie…want "because" ek was te klein gawis daai tyd*
52 *GrA* *hy* ***lê weet*** *niks van die saal af nie*

Laastens is dit nie verrassend dat loop tot inchoatiewe aspektuele merker gegrammatikaliseer het nie, aangesien bewegingswerkwoorde (byvoorbeeld *kom* en *gaan*) tipologies geneig is om hierdie ontwikkeling te ondergaan (vergelyk Hilpert 2008: 6; Traugott 1978: 378). Hierdie inchoatiewe gebruik van loop kom in beide Standaardafrikaans en Griekwa-Afrikaans voor. Wat egter wél verrassend is, is dat hierdie inchoatiewe gebruik van *loop* uitbrei na ander postulêre werkwoorde in Griekwa-Afrikaans (vergelyk voorbeeldsinne 53 en 54).

53 *GrA* *ja, ons het haar* ***gestaan*** *bêre*
54 *GrA* *hy* ***lê*** *loop (met die pad saam)*

Uit bogenoemde vier bevindings, naamlik dat (i) die postulêre werkwoord kan kombineer met hoofwerkwoorde wat aksies uitdruk wat onuitvoerbaar is in die liggaamshouding wat deur ŉ postulêre werkwoord uitgedruk word; (ii) meer as een postulêre werkwoord langs mekaar gebruik kan word om ŉ enkele grammatikale uitdrukking te vorm; (iii) die postulêre progressief met toestandsituasies gekombineer kan word; en (iv) die inchoatiewe gebruik van *loop* ook na ander statiese postulêre werkwoorde soos *staan* en *lê* uitgebrei het, is dit duidelik dat die Griekwa-Afrikaanse postulêre werkwoord meer veralgemeen het as die Standaardafrikaanse postulêre werkwoord. Ook op die vlak van veralgemening is die Griekwa-Afrikaanse postulêre werkwoorde dus verder gegrammatikaliseer as dié van Standaardafrikaans.

### 4.5 Sintaktiese verskynsels

Breed (2012: 176) toon aan dat die sintaktiese organisering van die Standaardafrikaanse progressiewe postulêre konstruksie redelik beperk is, vanweë die eenheidstatus van die perifrastiese postulêre werkwoord en die opvolgende *en*-voegwoord. Dit is byvoorbeeld nie toelaatbaar om enige ander konstruksie (byvoorbeeld ŉ adjunk of ŉ direkte of indirekte voorwerp), tussen die postulêre werkwoord en die *en*-voegwoord te plaas nie. Die $V_{POS}$ *en*-konstruksie dien as perifrastiese spilwerkwoordstuk, en koppel met die hoofwerkwoord wat die handeling of gebeurtenis van die sin uitdruk (vergelyk voorbeeldsinne 55 tot 57).

55 *StA* *Ant Talieta* ***[sit en] naaldwerk doen*** *of haar lewe aan daai dun garingdaadjie hang.* (Breed 2012: 176)
56 *StA* *Die swerms kom oornag tot bedaring, die insekte gaan* ***[sit en] verloor hul vlerke*** *sodat slegs stompies oorbly, vorm pare en begin nuwe neste.* (Breed 2012: 176)

57 *StA* *Eendag het hy hom gekry waar hy gebukkend* ***die wingerd [staan en] snoei****, en daar was trane in sy pa se oë.* (Breed 2012: 176)

Die eenheidstatus van die $V_{POS}$ *en*-perifrase geld skynbaar nie in Griekwa-Afrikaans nie. Daar is reeds genoem dat die perifrase tot so ŉ mate foneties gereduseer het, dat dit nie noodsaaklik is om die grammatikale postulêre werkwoord aan die hoofwerkwoord te bind met ŉ bindingspartikel nie (vergelyk weer sin 38). Hoewel daar wel ook ŉ aantal voorbeelde gevind is waar die postulêre werkwoord, ooreenstemmend met die Standaardafrikaanse sinstruktuur, direk gevolg word deur ŉ bindingspartikel (byvoorbeeld sin 58), is daar ook ŉ hele aantal voorbeelde gevind waar konstruksies, soos adjunkte of direkte voorwerpe, tussen die *en*-voegwoord en die bindingspartikel geplaas word (byvoorbeeld sinne 59 en 60).

58 *GrA* *Nou ja, nou sit julle* ***sit en gesels***
59 *GrA* ***Lê*** *innie veld sommer* ***en slap***
60 *GrA* *En daar* ***sit*** *ons dit* ***en drink***

In Standaardafrikaans neem die postulêre perifrastiese konstruksie die spilposisie in, met ander woorde vóór die hoofwerkwoord. Hoewel dit in Griekwa-Afrikaans oorwegend ook die geval is, is daar voorbeelde in die Griekwa-Afrikaanse konkordansie gevind waar die postulêre hulpwerkwoord ná die hoofwerkwoord van die sin geplaas is (byvoorbeeld sinne 61 tot 63).

61 *GrA* *ek kan nie* ***lieg sit*** *nie*
62 *GrA* *Wil sy pype* ***rook set*** *daar*
63 *GrA* *Daar tyd toe't hei dit skrywe, toe* ***skryf sit*** *mei Vader, grootvader, hy se plaas, op "Koningskroon"*

Breed en Brisard (2015) dui aan dat die $V_{POS}$ *en*-konstruksie in Standaardafrikaans tot só ŉ mate geouksilieer het, dat die *ge*-partikel in verledetydsinne (byvoorbeeld sin 64) en passiefsinne (byvoorbeeld sin 65) slegs by die postulêre werkwoord gevoeg word, en nie (ook) by die hoofwerkwoord van die sin nie.

64 *StA* *Die man het die boek* ***gesit en lees****.* (Breed en Brisard 2015: 21)
65 *StA* *Hier word* ***gesit en stry*** *oor ŉ ossewa.* (Breed en Brisard 2015: 21)

Weer eens wil dit voorkom of hierdie geouksilieerde eenheidstatus van die $V_{POS}$ *en*-konstruksie nie vir Griekwa-Afrikaans geld nie, want buiten vir voorbeelde wat ooreenstem met die Standaardafrikaanse gebruik van deelwoorde (voorbeeldsin 66), is daar ook ŉ hele aantal voorbeelde gevind waar die verledetydspartikel eerder aan die hoofwerkwoord heg (byvoorbeeld sinne 67 en 68), of aan sowel die postulêre hulpwerkwoord as die hoofwerkwoord van die sin (byvoorbeeld sin 69).

66 *GrA* *ons het nog so* ***geloop en praat***
67 *GrA* *dat ek Jan* ***loop geleer*** *ken het*
68 *GrA* *toe had ek vir my ŉ so ŉ endjie daarvan daan* ***lê stan gemaak***
69 *GrA* *Hulle't daai grond* ***geloop*** *va … an plas-boere* ***gevelhuur***

ŉ Laaste interessante sintaktiese verskynsel wat in die Griekwa-Afrikaanse konkordansie opgemerk is, is dat die postulêre werkwoord in ŉ hele aantal sinne as ŉ hoofwerkwoord

aangebied word, maar dat ŉ tweede postulêre werkwoord grammatikaal aangewend word as ŉ hulpwerkwoord saam met ŉ ander nie-postulêre hoofwerkwoord (vergelyk voorbeeldsinne 70 tot 73).

70 *GrA Nou ja, nou* ***sit*** *julle* ***sit en*** *gesels*
71 *GrA Ek sit hier stil* ***sit*** *ek hier die manne* ***sit en*** *gesels*
72 *GrA Dan* ***lôop*** *ons so tissin mense* ***loop*** *ek keier*
73 *GrA Dan kry die ouwaas my so ek* ***sit*** *hier* ***sit en*** *wag hier tot la ek nou sien dis amper, dis een-ier*

ŉ Moontlike verklaring vir hierdie verskynsel kan myns insiens toegeskryf word aan die semantiese verbleking wat die grammatikale postulêre werkwoord in Griekwa-Afrikaans reeds ondergaan het. Aangesien die postulêre werkwoord tot so ŉ mate veralgemeen het dat daar min van die ooreenstemmende liggaamshoudingbetekenis nog in die grammatikale postulêre werkwoord teenwoordig is, plaas die spreker dus die postulêre hoofwerkwoord terug in die sin, om aan te dui dat die subjek die handeling in ŉ bepaalde liggaamshouding uitvoer. Die konstruksie stem dus in der waarheid weer ooreen met Kuteva se Fase II $[N_{SUB.INAMIM.1} + V_{POS.1}]$ + en + $[N_{SUB.INAMIM.1} + V_2]$, maar kan dan eerder geanaliseer word as $[N_{SUB.INAMIM.1} + V_{POS.1}]$ + en + $[N_{SUB.INAMIM.1} + V_{POS.AUX.1} + (en) + V_2]$.

## 5. Gevolgtrekking

Die grammatikale postulêre konstruksie in Standaardafrikaans het heelwat aandag gekry in onlangse taalkundenavorsing, en veral die progressiewe gebruik van die konstruksie is goed beskryf. Die vraag wat egter gevra kan word, is of die beskrywing van die Standaardafrikaanse konstruksie genoegsaam is om ook die konstruksie se gebruik in niestandaardvariëteite van Afrikaans te beskryf. Breed (om te verskyn) het reeds aangetoon dat die konstruksie skynbaar veral in gesproke informele Afrikaans as modale konstruksie aangewend word, en dit is ŉ eerste moontlike aanduiding dat daar tóg ŉ verskil is in die wyse waarop die konstruksie in verskillende variëteite van Afrikaans voorkom.

In hierdie artikel is vanuit ŉ grammatikaliseringsperspektief ondersoek ingestel na die wyse waarop die konstruksie in ŉ gesproke streekvariëteit van Afrikaans, te wete Griekwa-Afrikaans, gebruik word.

Gebaseer op ŉ korpusondersoek, is gevind dat die Griekwa-Afrikaanse postulêre werkwoord verder as die ooreenstemmende konstruksie in Standaardafrikaans gegrammatikaliseer het, en derhalwe ook anders gebruik word as grammatikale konstruksie. Eerstens toon die Griekwa-Afrikaanse postulêre werkwoord vier grammatikale funksies, naamlik om as progressiewe, modale, temporele of inchoatiewe hulpwerkwoord gebruik te word. Tweedens het die konstruksie tot só mate foneties gereduseer dat dit nie verpligtend is om ŉ *en*-voegwoord, of selfs enige ander bindingspartikel te gebruik om die postulêre hulpwerkwoord en die hoofwerkwoord aan mekaar te verbind nie. Derdens het die konstruksie veralgemeen om op wyses te kan kombineer met ander postulêre werkwoorde of sekere hoofwerkwoorde wat nie in Standaardafrikaans moontlik is nie. Laastens geld die sintaktiese beperkinge van die Standaardafrikaanse konstruksie nie vir die Griekwa-Afrikaanse konstruksie nie, aangesien laasgenoemde konstruksie tot so ŉ mate foneties gereduseer het dat die perifrastiese status van die postulêre werkwoord en die *en*-voegwoord nie meer in die streekvariëteit se konstruksie

geldig is nie. Die beskrywing van die postulêre werkwoord in Standaardafrikaans is derhalwe nie voldoende om hierdie werkwoorde se grammatikale gebruik in alle variëteite of gebruikskontekste van Afrikaans te beskryf nie. Om ŉ groter prentjie te kry van hoe hierdie werkwoorde presies in Afrikaans aangewend word, behoort meer variëteite en gebruikskontekste ondersoek te word.

**Verwysings**


Ameka, F.K. and S.C. Levinson. 2007. The typology and semantics of locative predicates: posturals, positionals and other beasts. *Linguistics* 45(5/6): 847–871.

Breed, C.A and F. Brisard. 2015. Postulêre werkwoorde as progressiewe merkers in Afrikaans en Nederlands. *Internationale Neerlandistiek* 53(1): 3–28.

Breed, C.A. 2012. *Die grammatikalisering van aspek in Afrikaans: ŉ semantiese studie van perifrastiese progressiewe konstruksies*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. [PhD-proefskrif].

Breed, C.A. Om te verskyn1 The subjective use of postural verb in Afrikaans (I): evolution from progressive to modal. *Spil PLUS*. [in pers]

Breed, C.A. Om te verskyn2 The subjective use of postural verbs in Afrikaans (II): a corpus analysis of CPV en in Zefrikaans. *Spil PLUS*. [in pers]

Breed, C.A. en G.B. van Huyssteen. 2014. Aan die en besig in Afrikaanse progressiwiteits-konstruksies: die ontstaan en ontwikkeling (1). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 54(4): 709–724.

Breed, C.A., F. Brisard and B. Verhoeven. Om te verskyn. Periphrastic progressive constructions in Afrikaans and Dutch: a contrastive analysis. *Journal of Germanic Linguistics*. [in pers]

Bybee, J.L. and W. Pagliuca. 1985. Cross-linguistic comparison and the development of grammatical meaning. In J. Fisiak (Ed). *Historical semantics, historical word formation*. The Hague: Mouton de Gruyter. pp. 59–83.

Bybee, J.L., R.D. Perkins and W. Pagliuca. 1994. *The evolution of grammar: tense, aspect and modality in the languages of the world.* Chicago: University of Chicago Press

Bybee, J.L., W. Pagliuca, and R.D. Perkins. 1991. Back to the future. In E.C. Traugott and B. Heine (Eds). *Approaches to grammaticalization*. Amsterdam: John Benjamins. pp. 17–58.

Campbell, L. and R. Janda. 2011. Introduction: conceptions of grammaticalization and their problems. *Language sciences* 23(2-3): 93–112.

De Wet, A. 1984. Die organisasie van die navorsingsprojek oor die Afrikaans van die Griekwas. In M.C.J. van Rensburg (Red). *Die Afrikaans van die Griekwas van die Tagtigerjare: RGN-verslag*. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. pp. 678–704.

Du Plessis, H.G.W. 1990. Die skakelwerkwoorde loop en kom. *South African Journal of Linguistics* 8(2): 69–74.

Ebert, E. 2000. Progressive markers in Germanic languages. In Ö. Dahl (Ed). *Tense and Aspect in the Languages of Europe.* Berlin: Walter de Gruyter. pp. 605–653.

Heine, B. and T. Kuteva. 2007. *The genesis of grammar: a reconstruction – studies in the evolution of language.* Oxford: Oxford University Press.

Hilpert, M. 2008. *Germanic Future Constructions: A usage-based approach to language change.* Amsterdam: John Benjamins.

Hopper, P.J. and E.C. Traugott. 2003. *Grammaticalization*. 2nd ed. Cambridge: Cambridge University Press.

Kempen, W. 1965. Die verbale hendiadis in Afrikaans. In Anon (Ed). *Dietse Studies: bundel aangebied aan Prof. Dr. J. du P. Scholtz by geleentheid van sy vyf-en-sestigste verjaardag*. Kaapstad: Academica. pp. 77–97.

Kranich, S. 2010. The progressive in Modern English: *A corpus-based study of grammaticalization and related changes.* Amsterdam: Rodopi.

Kuteva, T.A. 1999. On 'sit'/'stand'/'lie' auxiliation. *Linguistics* 37(2): 191–213.

Kuteva, T.A. 2001. *Auxiliation: an enquiry into the nature of grammaticalization*. Oxford: Oxford University Press.

Lehmann, C. 2002. *Thoughts on Grammaticalization*. *Vol. 2. (revised edition).* Erfurd: Arbeitspapiere des Seminars für Sprachwissenschaft der Universität Erfurt.

Lemmens, M. 2003. The semantic network of Dutch posture verbs. In E.J. Newman (Ed). *The linguistics of sitting, standing and lying.* Amsterdam: John Benjamins. pp. 103–139.

Lemmens, M. 2005. Aspectual Posture Verb Constructions in Dutch. *Journal of Germanic Linguistics* 17(3): 183–217

Raidt, E.H. 1976. *Afrikaans en sy Europese verlede*. Kaapstad: Nasou.

Rhee, S. 2008. Cognitive semantic representation of instrumentals: crosslinguistic and grammaticalization perspectives. *Studies in modern grammar* 54: 123–146.

Smith, C.S. 1997. *The parameter of aspect*. 2nd ed. London: Kluwer Academic.

Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2011. *Taalkommissiekorpus 1.1.* Potchefstroom: CTexT Corpus.

Traugott, E.C. 1978. On the expression of spatio-temporal relations in language. In J. Greenberg, C. Ferguson and E. Moravcsik (Eds). *Universals of human language* 3. Stanford: Standford University Press. pp. 369–400.

Traugott, E.C. and B. Heine (Eds). 1991. *Approaches to grammaticalization*. Typological studies in language, 19. Amsterdam: John Benjamins.

Van Rensburg, M.C.J. 1984. *Die Afrikaans van die Griekwas van die Tagtigerjare: RGN-verslag.* Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Van Rensburg, M.C.J. 2012. *So kry ons Afrikaans*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Van Rensburg, M.C.J., A.S. De Wet en L. Swanepoel. 1984. ŉ Kontrastiewe leksikon van Griekwa-Afrikaans. In M.C.J. van Rensburg (Red). *Die Afrikaans van die Griekwas van die Tagtigerjare: RGN-verslag.* Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. pp. 519–576.